

Sing vooraf staande: Psalm 19:6, 7 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 113:1, 2 (p. 559) (op die melodie van Psalm 24)

- 1 Hef aan, Gods knegte, loof verblyd, / van nou af tot in ewigheid,
die Naam en roem van God die HERE. / Bring Hom van waar die môre straal,
tot waar die sonlig saans weer daal, / die lof, aanbidding, prys en ere!
- 2 Die HEER wat in die hemel woon, / wat bo die wêreldvolle troon,
is hoog, met heerlijkheid omgewe. / Ja, wie is hoog soos onse HEER
Nogtans sien Hy genadig neer / op wie voor Hom in kleinheid lewe.

Gebed

Psalm 118:1, 14 (p. 575)

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 14 U is my God, ál my verlange; / U prys ek om u majesteit.
My God, U loof my lofgesange / van nou af tot in ewigheid.
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd;
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Skriflesing: Matteus 5:43-48; Romeine 12:17-21; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 1

Kernvers: Matteus 5:44-45

Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen.

(Matteus 5:44-45 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 1 – Die enige God

Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is. 2 Kor 3:17; Joh 4:24; Jes 40:14.

Tema: Hoe werklik is God vir jou? God is uitnemend goed en dit behoort in ons lewens deur te slaan

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons Here is nie tevrede met 'n gemiddelde goeie lewe of 'n matige gehoorsaamheid aan Hom nie. Hy verwag die beste van die mense wat aan Hom behoort. Daarom stel Jesus dit baie duidelik:

As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie

(Matteus 5:20 AFR83).

Met hierdie stelling bedoel Jesus nie dat ons soos die skrifgeleerdes en Fariseërs moet wees nie. Hulle het van die wet dwase verdraaiings gemaak, soos wat ons ook hier gelees het vanaand. Hulle het op die oppervlak na die woorde gekyk en daarvolgens afleidings gemaak wat hulle pas, maar wat teen die bedoeling van die Here ingaan.

Jesus het immers die volle betekenis van die wet aan ons kom openbaar. Met sy onderrig in die Bergrede wys Jesus vir ons hoe wyd en ver en diep en hoog die wet van die Here ons lewens omvat. Jesus maak die werklike bedoeling van die Here se wet aan ons bekend. As Hy dan verwag dat ons meer getrou sal wees aan die wet as die skrifgeleerdes en Fariseërs, verwag Hy dat ons hierdie eintlike bedoeling van die wet praktyk sal maak in ons lewens.

Daarom kan ons daarvan seker wees dat die Here nie met 'n matige gehoorsaamheid tevrede is nie. Nou sal ons dadelik kan sê, maar die standaard wat die Here stel, is darem baie hoog. Ja, die Here stel hoë standaarde, want Hy is self hoog en volmaak. Die Here maak Homself immers aan ons bekend as volmaak regverdig en volkome wys. En ons voel tog veilig en geborge in God se teenwoordigheid juis omdat Hy volmaak regverdig en volkome wys is.

Broers, susters en kinders, tog wil die Here nie hê dat ons sommer nou al moedeloos moet word oor sy hoë standaard en moed opgee nog voordat ons begin het nie. Laat ons daarom kom by die begin. Ons bely dat ons God **goed** is **en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is**. God is goed en al sy werke wat Hy doen, is daarop gerig om sy goedheid konkreet vir ons uit te stal.

Trouens, die hele skepping blink van God se goedheid. Daar is nie een skepsel op hierdie aarde wat nie deel het aan die goedheid van die Here nie. Dit is die Here wat saad gee en die saaiers seën. Die Here gee voorspoed en sukses. Dit is Hy wat hulp en uitkoms gee wanneer benoudheid sy skepsele bedreig. Ja, dit is so dat die sonde maak dat die weg vir die besondere liefde van God tot 'n groot mate vir baie mense afgesluit is, maar op natuur-like gebied bly God sy skepsele met sy goedheid seën. God laat **sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen** (Matteus 5:45 AFR83). God laat Homself nie deur die ongehoorsaamheid van mense weerhou om sy goedheid aan hulle te betoon nie. God verander nie omdat mense nie die goeie wat hulle beleef erken as komende van Hom nie. Hy bly onveranderlik en Hy hou on-verpoos voort om sy algemene genade van liefde en goedheid oor sy skepsele uit te stort.

As die Here hierdie algemene genade van sy goedheid van die aarde af sou wegneem, sal daar vir geen mens of dier iets wees om te eet nie. Inderdaad, sonder sonskyn en reën sou lewe op aarde geheel en al onmoontlik wees. Daarom, laat ons die Here loof en prys omdat Hy onveranderlik en goed is.

Geliefdes, hieruit word dit vir ons duidelik dat God nie net hoë standaard stel nie; Hy wat hoog en volmaak is, handhaaf self hoë standaard. Hy skenk goeie dinge aan die slegte mense en die goeie mense. Maar dit is nie net God die Vader wat sulke hoë standaard handhaaf nie. Jesus Christus, die geliefde Seun van God, hou ook hierdie hoë standaard. As Jesus ons in die Bergrede leer, sluit Hy nie af met: julle moet maak soos Ek sê en nie doen soos Ek doen nie. Nee, Hy sê eerder: Doen soos Ek sê en soos ek doen.

Jesus Christus het inderdaad aan goeie en slegte mense goedge doen. Terwyl die een spyker na die ander spyker deur sy hande en voete aan die houtkruis vasgeslaan is, het Hy aangehou om vir die Jode en die Romeinse soldate te bid:

Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie (Lukas 23:34 AFR83).

Die wrede lyding van bespotting en kruisiging het Jesus nie daarvan weerhou om goed te doen aan die mense wat Hom mishandel het nie.

Nou roep Jesus vir ons, broers, susters en kinders, op tot hierdie selfde hoë standaard wanneer Hy sê:

Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê (Matteus 5:44 AFR83).

Ons bely immers dat God goed is, want Hy maak Homself so aan ons bekend. Hy skenk inderdaad in sy algemene genade liefde en goedheid aan elke skepsel. En aan ons – ons wat onself Christene noem – het God nie net algemene genade nie maar besondere liefde geskenk. Trouens, dit is toe ons nog vyande van God was dat Jesus Christus gesterf het om God met ons te versoen. In Jesus Christus het God Homself aan sy vyande opgeoffer. Daarom het ek en jy, broer en suster, nog meer rede om die Here te loof en te prys omdat Hy goed is. Dit is weens God se goedheid vir ons, toe ons nog sy vyande was, dat ek en jy gered is en nou kinders van God genoem mag word. Laat ons die Here loof omdat Hy aangehou het om sy goedheid aan ons te bewys ondanks ons vyandskap en opstand teen Hom.

En sien ons hierdie aanhoudende goedheid en liefde van God vir ons nie elke dag in ons eie lewens raak nie? Inderdaad sien ons dit raak, want elke liewe dag oortree ons op een of ander manier die Here se wet en tog hou Hy nog nie op om Hom met ons te bemoei nie. Sy Gees bly steeds in ons en werk steeds in ons. Hy hou net nooit op om ons lief te hê nie, al tree ons baie maal en soms vir lang tye op soos mense wat eerder teen God is as vir God. As Jesus ons dan beveel: **Julle moet julle vyande liefhê** (Matteus 5:44 AFR83), is ons self ontvangers van hierdie uitnemende liefde van die Here omdat ons ook baie maal soos vyande van God oortree.

Jesus stel inderdaad 'n hoë standaard aan ons omdat Hy hierdie hoë standaard ook teenoor ons handhaaf. Aangesien Hy ons met sy bloed losgekoop het van die heerskappy van die sonde, ons met sy Gees en Woord na Hom toe geroep het, die Heilige Gees die wedergeboorte in ons bewerk het, en sy Gees nog steeds in ons woon en werk, is die enigste logiese gevolg van hierdie werk van God dat iets van die Here se eienskappe ook in ons lewens moet begin deurslaan.

Broers, susters en kinders, ons almal het al gesien hoe 'n stuk koerant deurdrenk word van water wanneer 'n mens dit op 'n plas water neersit. Hoewel die koerant bo-op die plas water neergesit word, slaan die water baie gou deur die koerant. Omdat God ons deur die Heilige Gees so heg en intiem teen Jesus aandruk dat ons lidmate van Christus genoem kan word en draers van sy Naam mag wees, is dit noodwendig so dat sy liefde en goedheid ook in ons lewens behoort deur te slaan. Daarom beveel Jesus ons:

Julle moet julle vyande liefhê (Matteus 5:44 AFR83).

As Jesus die Fariseërs se skewe en verwronge idee van die Here se gebod regstel, soos wat sy Vader dit bedoel het, maak Hy dit duidelik dat ons naaste die mense is wat ons goed behandel en ook die mense wat ons sleg behandel. Dit wil sê, ons vyand is ons naaste net soos wat ons geloofsgenote ons naaste is.

Hoe behoort ons liefde teenoor ons naaste, of hy nou vriendelik of vyandig is, duidelik te word? Uit

die gelykenis van die barmhartige Samaritaan word dit duidelik dat ons liefde uitdrukking moet vind in ons dae en woorde. Wat ons dae dan betref: Ons moet goeddoen aan die wat ons haat. In Romeine 12 maak die Here dit vir ons prakties:

As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is; gee hom iets om te drink (Romeine 12:20 AFR83).

Liefde vir ons naaste – vriend of vyand – kan nie maar net 'n sentimentele gevoel wees nie. Nee, dit is praktiese, nederige, opofferende diens. Liefde in aksie is baie beter as liefde wat ons maar net in ons hart rondra, want ons vyand wil ons kwaad aandoen, terwyl ons aan hom goeddoen. Dit is immers hoe die Here met jou en my maak, geliefdes. Wanneer ons liefdeloos en afstootlik optree, alhoewel ons dit maar net aan 'n mens doen, is ons besig om dit aan die Here te doen, en die Here hou aan om ons te seën met sy goedheid ondanks die onreg wat ons teen Hom pleeg.

Iemand wat deesdae goeddoen aan iemand wat sy leed soek, word uitgekryt as 'n swakkeling wat nie vir sy regte kan opstaan nie. Selfs gelowiges sal 'n mens snaaks aankyk as ons die een seën en goeddoen aan hom wat ons om elke hoek en draai ingeloop het. Maar vir wie moet ons tevrede stel, onself en ander mense of die Here? Natuurlik die Here, en ons stel Hom tevrede wanneer ons sy opdrag uitvoer, soos Hy ons beveel en ook gewys het. As die Here Homself vir sy vyande, vir ons, opgeoffer het, behoort ons onself vir ons vyande op te offer. Die Here se goedheid en liefde moet in ons lewens deurslaan.

Broers, susters en kinders, die Here sluit ook ons woorde teenoor ons naaste in wanneer Hy sê ons moet ons vyande liefhê. In vers 14 van Romeine 12 sê die Here:

Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie (Romeine 12:14 AFR83).

Wanneer iemand ons vloek en skel en alles wat sleg is, toewens, moet ons antwoord deur die seën van die Here op hulle af te roep en in woorde sê dat ons hulle net die beste toewens.

Maar ons woorde is nie net tot hulle gerig nie. Ons moet ons woorde ook tot God rig. Jesus sê: **julle moet bid vir dié wat julle vervolg** (Matteus 5:44 AFR83). Wanneer ons dan voorbidding doen vir ons vyand, gaan staan ons in gebed langs ons vyand en pleit vir hom by God. As gebed die uitdrukking is van die liefde wat ons vir ons vyand het, is dit ook 'n middel om ons liefde vir hom te laat groei. Dit is onmoontlik om vir iemand te bid sonder om hom lief te hê, en dit is onmoontlik om aanhoudend vir hom te bid sonder om te ervaar dat jou liefde vir hom toeneem. Daarom moet ons nie wag totdat ons ons vyand liefhet voordat ons vir hom bid nie, want dit gaan nie sommer vanself gebeur nie. Die Here sê: Bid vir julle vyande. Ons moet begin bid nog voordat ons bewus is van enige liefde vir ons vyand, en ons sal vind dat die liefde deur die Gees van God in ons hart oopbreek – eers net 'n bloeiseltjie en later 'n hele ruiker van liefde.

Christus het so gebid vir sy vyande terwyl Hy die vernedering van die kruis beleef het. Watter soort pyn gaan gestil word deur my en jou gebede vir ons vyande?

Geliefdes, die Here sê ook hoekom ons hierdie bevel van Hom moet gehoorsaam: **sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel** (Matteus 5:45 AFR83). Beoordeel 'n mens hierdie woorde op die oppervlak, sal 'n mens dadelik wil vra: Maar verdien ons nou deur ons goeie werke om kinders van God te wees? Nee, dit is nie wat Jesus sê nie. Ons gehoorsaamheid aan die Here het nie tot gevolg dat ons kinders van God word nie. Ons kan tog niks doen dat God ons as sy kinders moet aanvaar nie. Die Here maak ons sy kinders slegs deur Jesus Christus. As Jesus dan sy bevel hier gee, praat Hy met kinders van God. Ons moet Hom gehoorsaam sodat dit vir ons en ander mense duidelik kan wees dat ons regtig kinders van God is. Omdat die Heilige Gees ons in Christus

inlyf en hoe langer hoe meer styf teen Hom aandruk, kan dit tog nie anders nie dat sy goedheid en liefde in ons lewens sal deurslaan.

Omdat ons kinders van God is en Jesus Christus ons Eerste Broer is, moet God en Christus se geaardheid ook begin om in ons lewens weerspieël te word. Ons moet, wat die liefde betref, volmaak word soos wat ons Vader in die hemel volmaak is. As dit nie gebeur nie, sê Jesus, is ons in werklikheid nie anders as die heidene en goddelose mense nie. Hulle het net die mense lief wat hulle liefhet en hulle groet net die mense wat hulle groet.

Geliefde broer, suster en kind, hoe werklik God vir jou en my is, sal in ons eie lewens vir ons duidelik word. Indien God vir jou en my waaragtig werklik is, sal ons ongetwyfeld vashou aan sy uitnemende goedheid. En die Here se goedheid en liefde sal in ons lewens weerspieël word.

Amen!

Slotgebed

Psalm 84:3, 6 (p. 425)

- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte^{en} in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.
- 6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontrou nie: / Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
17 Junie 2012